

Subject: RE: Dier Penlys
From: <doornstockfarm@gmail.com>
Date: 2026/08/25, 09:00 am
To: <marietjie@studbook.co.za>

Goeie dag Marietjie ,

Doornstock Charolais (0727836CHL)

Insake die Pen lys :

DSCB250801 , DSCB250901 , DSF251101 se ma's het ons by Clive Marchall gekoop en volgens die Catalogus is hulle verseker swanger gewees met Roulio , hier is nie op die Katalogus n code vir Roulio nie , Ek sal Clive kontak en sekermaak van dit.

DSF251002, DSF251003, DSF251101, Ek het nog nie DNA toetse op die Drie verse gedoen om vas te stel wie die pa is nie .

DSF251102 , ek is seker sy is ook laasjaar geïnspekteer saam met die ander koeie , maar ek sal n afspraak maak dat hulle so gou moontlik weer hierdie jaar kom en haar inspekteer .

Groete

Linda Fourie

From: marietjie@studbook.co.za <marietjie@studbook.co.za>
Sent: Tuesday, 25 August 2026 08:29
To: pietlin@vodamail.co.za
Subject: Dier Penlys

Geagte Teler

Die Logix stelsel is 'n baie verfynde stelsel en baie kontroles en toetse word op 'n rekord gedoen alvorens dit opgeneem word in die stelsel. Logix het ten doel om te verseker dat betroubare (skoon) data opgeneem word, wat voldoen aan biologiese, sowel as rasstandaarde vir verdere gebruik in Genetiese evaluasies. Rekords word in baie gevalle ingedien, maar is daar nog inligting uitstaande. Om te verhoed dat die transaksie verlore gaan, word die rekord aangeteken met n Hangende registrasie (Pending) status en rede. Dit veroorsaak dat sekere redigering eers gedoen moet word en addisionele inligting nodig is alvorens 'n rekord aanvaar word in Logix. Voorgaande het tot gevolg dat daar 'n Hangende registrasielys is, ook bekend as 'n "Pendinglys" wat die redigeerklrek nie kan oplos nie. Die teler moet dan gekontak word om verdere inligting te verkry, om die rekord volledig op te neem.

Aangeheg is u kudde se "Pendinglys" en word u versoek om asseblief dringend aandag te gee aan elke transaksie. Indien so 'n transaksie nie binne twee (2) jaar opgelos word nie, sal die transaksie van die stelsel verwyder word en sal u weer die transaksie moet indien. Hierdie lysie sal op 'n meer gereelde basis aan u gestuur word, met die doel om die diens aan u te verbeter.

Daar word graag van u verneem in die verband. U terugvoering moet asseblief gerig word aan die persoon wat die epos aan u gerig het en nie na Logix nie.

Dear Breeder

The Logix system is a very refined system and many checks and tests are done before being incorporated into the system. Logix's aim is to ensure that all biological and breed standards are adhered to and thus ensure that reliable (clean) data is recorded for further use in Genetic evaluations. Records submitted, in some cases, need additional information to be processed fully. To ensure that the incomplete data is not rejected by the system, the information is recorded with a Pending registration status and reason. This results in Pending lists being generated after the clerk cannot resolve the issues. The breeder must then be contacted to obtain further information to record the transaction fully.

Attached is your herd's Pending List and you are kindly requested to reply on every transaction. If such a transaction is not resolved within two (2) years, the transaction will be deleted from the system and you will have to resubmit it. These lists will be sent to you on a more regular basis for the purpose of improving our services to you.

We look forward to hear from you. Please sent feedback to the person from whom this email has been sent and not to Logix.

Groete

LOGIX